Wes-Kaapse Onderwysdepartement
Colleen Abrahams
Direktoraat: Eksamenadministrasie
Colleen.Abrahams@westerncape.gov.za | 021 467 2915

Lêerno.: 20/3/5/4
Verwysing: 20230219-1569

Eksamenadministrasieminuut: 0001/2023

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Adjunkdirekteure, Hoofonderwyskundiges, Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Hoofde: Bestuur en Beheer, Kringbestuurders, Adjunk-hoofonderwyskundiges, Assesserings- en Eksamenkoördineerders en Hoofde van openbare en onafhanklike skole wat leerders vir die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen voorberei

Onderwerp: Verifikasie van graad 12-leerders se registrasie-inligting op SOBIS vir die Nasionale Senior Sertifikaat- (NSS-) eksamen

1. Volgens instruksies van die Departement van Basiese Onderwys, moet graad 12-leerderinligting op die nasionale eksamenstelsel aangeteken word.

2. Hierdie minuut moet saamgelees word met Kennis- en Inligtingsbestuursminuut 0002/2023, 0003/2023 en 0004/2024 van 17 Januarie 2023. Hierdie dokumente bevat inligting oor die bestuur en administrasie van leerders se vakveranderinge en leerderinligting op SOBIS.

3. Leerderinligting op SOBIS sal onttrek en vir eksamendoeleindes na die nasionale eksamenstelsel oorgedra word. Alle vraestelle en eksamenverwante dokumentasie sal verpak en volgens die SOBIS-data wat deur prinsipale afgeteken is, aan skole versprei word.

4. Skole het die geleentheid om die persoonlike besonderhede van hul leerders op SOBIS reg te stel. Die funksionaliteit op SOBIS is tans oop vir skole om hierdie regstellings aan te bring.

5. Die verifikasie sal die laaste geleentheid vir skole wees om enige regstellings aan die graad 12-leerderinligting op SOBIS te maak voor die data na die nasionale eksamenstelsel oorgedra word.

6. Skole sal die verifikasieproses uitvoer, dit afteken en 'n verslag aan amptenare by Hoofkantoor stuur om te verifieer dat alle leerderinligting op SOBIS korrek en gereed is om na die nasionale eksamenstelsel oorgedra te word.

7. Prinsipale moet die leerderinligting verifieer, dit afteken en hul nakomingsertifikaat (**Bylae A**) **nie later nie as Woensdag, 15 Maart 2023** by die betrokke amptenare wat in **Tabel 1** gelys word, indien.

8. **Verifikasie van leerderinligting**

8.1 Die **identiteitsnommer** van 'n leerder is ingevolge die nasionale eksamenstelsel 'n **verpligte veld**. Dit is van kardinale belang dat alle leerders in graad 10 aansoek doen vir hul identiteitsdokumente (ID's). Intussen moet die nommer op die geboortesertifikaat gebruik word.

8.2 Adviseer asseblief ouers oor die proses om betyds by die Departement van Binnelandse Sake (DHA) vir 'n ID aansoek te doen. Prinsipale word herinner aan Omsendbrief 0053/2021 van 09 Maart 2022 oor die toelating van leerders wat ongedokumenteerde Suid-Afrikaanse burgers of buitelandse burgers is, en word versoek om ouers, waar moontlik, by te staan om die proses deur die DHA te fasiliteer.

8.3 Leerders wat **nieburgers is (immigrante ingesluit**), moet 'n geldige paspoort of studiepermit hê. Asielsoekers se dokumente sal aanvaar word. Nieburgers wat deel is van die Suid-Afrikaanse skoolstelsel, maar nie die vereiste dokumente het om vir die NSS-eksamen in 2023 te registreer nie, sal toegelaat word om vir die eksamen te registreer.

8.4 Dit is van kardinale belang om die spelling van volle name en vanne van leerders na te gaan. Dit behoort ooreen te stem met die name en van wat op die leerder se ID/geboortesertifikaat/paspoort verskyn.

8.5 Indien leerders **hul name of vanne tydens die afneem van die graad 12 NSS-eksamen, of binne 30 dae** ná die vrystelling van NSS-uitslae vir graad 12 verander, moet hulle die Wes-Kaapse Onderwysdepartement (WKOD) in kennis stel deur gewaarmerkte afskrifte van hul ou en nuwe ID's en 'n beëdigde verklaring in te dien wat die redes verskaf waarom veranderinge aangebring is. Hierdie dokumente moet aan die onderskeie eksamenamptenare wat in **Tabel 1** gelys word, gestuur word.

8.6 Die **selfoonnommer van 'n leerder se ouer/voog is 'n verpligte veld.** Die WKOD maak van SMS-dienste gebruik om belangrike eksamenverwante inligting aan leerders oor te dra.

8.7 Leerders met spesiale behoeftes wat verkies om vir die geëndosseerde NSS-eksamen in te skryf en minder as sewe vakke aanbied, moet as sodanig op SOBIS aangedui word.

TABEL 1

Distrik	Verantwoordelike amptenaar	Tel. no.	E-pos
Metro-Noord	Johnnie Isaacs	021 467 2974	Johnnie.Isaacs@westerncape.gov.za
Metro-Sentraal	Gail Laguma	021 467 2913	Gail.Laguma@westerncape.gov.za
Metro-Suid	Peggy Thomas	021 467 2930	Peggy.Thomas@westerncape.gov.za
Metro-Oos	Gideon Dilgee Silumko Joka	021 467 2941 021 467 2519	Gideon.Dilgee@westerncape.gov.za Silumko.Joka@westerncape.gov.za
Weskus	Patricia Liguma Robin Jacobs	021 467 2936 021 467 2940	Patricia.Liguma@westerncape.gov.za Robin.Jacobs@westerncape.gov.za
Kaapse Wynland	Desire Rhode Gabriella Fleurs	021 467 2732 021 467 2401	Desire.Rhode@westerncape.gov.za Gabriella.Fleurs@westerncape.gov.za
Overberg	Patricia Liguma Elmarie du Toit	021 467 2936 021 815 8452	Patricia.Liguma@westerncape.gov.za Elmarie.Dutoit@westerncape.gov.za
Eden en Sentrale Karoo	Miche van Schoor	021 467 2914	Miche.Vanschoor@westerncape.gov.za

9. Hierdie minuut moet aan alle skoolkoördineerders vir graad 12 en SOBIS-administrateurs versprei word.

GETEKEN: H MAHOMED
ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR
DATUM: 2023-02-27